# Bybel Avonture vir Jong Lesers

LES 21



## My Pragtige Erf

## Ek kan teks Lees

**"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here."— Psalm 24:1**


## My Storie



Ek wil jou graag om my erf wys. Nou, my erf is nie presies 'n nasionale park nie. Mense kom spandeer nie hulle vakansies in die tuin of slaan hulle tent langs die voël voerder op nie. Die meeste mense ry net by ons huis verby en sien nie eers my erf raak nie. Maar ek is mal daaroor in elk geval omdat ek saam met my vriend, Jesus, werk om dit mooi en skoon te hou. Ek geniet elke hoek en draai van my erf. Laat ek jou wys. Eerstens, hierdie is my gunsteling boom.

Ek weet nie hoe om dit te laat groei nie, maar ek kan op sy sterk takke sit en kyk hoe die voëls hulle neste bou. Ek kan nie sy blare in die lente laat verskyn nie, maar ek kan in die somer rus in sy wonderlike skaduwee. Sien wat ek bedoel?
Dis my boom, maar dis God se boom ook!
Let op die sagte groen gras wat my tuin bedek.





My pa en ek het hierdie gras geplant 'n paar jaar gelede na ons in die huis ingetrek het. Ons het dit gereeld water gegee en kunsmis bygevoeg om dit te help om dik en sterk te word. Maar ons het dit nie gemaak groei nie. Ons het nie vir dit gesê om groen in plaas van pienk of geel te wees nie. God het dit gedoen.
Hier is my ma se groentetuin. Daar is lekker kos wat hier groei - kos wat God vir ons geskep het om te eet. Daar is tamaties, aartappels, pampoene, wortels, spinasie en groenbone gereed vir ons aandete. Yum! Maar ons het net die sade geplant. God het hulle laat groei en verander in lekker kos. En laastens, dit is my voëlvoerder.



Die hele jaar lank maak ek seker dat daar sonneblomsaad is en ander goedjies hierbinne vir die voëls om te eet. Het ek die voëls gemaak? Nee. Het ek hulle geleer hoe om te vlieg? Nee. Het ek vir hulle daardie pragtige kleure gegee? Nee, God het dit alles gedoen. So, hier is die ooreenkoms.
God skep lewe, en ek sorg daarvoor.



Ek plant sade, en God maak hulle groei. Ons werk saam om my erf wonderlik te maak.
Ek het 'n nuwe woord geleer wat sê wat ek besig is om vir God te doen. Ek is Sy rentmeester. Dit beteken "bestuurder" of "Opsigter." Ek het ook in die kerk geleer dat een van die dinge wat God geskape het - een van die dinge wat Hy wil hê ek moet besonders versorgd oor wees is MYSELF. Ek is nie net God se rentmeester van die wêreld en alles daarin nie, ek is ook Sy rentmeester van my liggaam en my gedagtes. Dus, maak ek seker ek eet gesonde kos, kry baie oefening, en maak my brein sterk deur nuwe dinge in die skool te leer. God het my gemaak. Ek sorg vir myself. Ons is vennote. God wil hê jy moet ook 'n rentmeester wees.

## My Bybel Avonture

Nadat God hierdie wêreld geskep het, het Hy vir Adam en Eva gevra om iets vir Hom te doen. Lees hierdie Bybeltekvers in die **BIBLIOTEEK** en voeg dan die ontbrekende woorde hieronder by.

"Wees __________ en ___________ en vul die aarde.
____________ die aarde en ___________ oor die __________
van die see, die ___________ in die ___________ en oor al die
___________ op die __________" **(Genesis 1:28).**


Aan wie behoort die wêreld? Jy? Jou ouers? Jou land se leiers? Vind uit deur die letters van hierdie teks in die **LETTER KODE SLEUTEL** te ontsyfer wat wegkruip in die **BIBLIOTEEK**. Geniet dit!

23___ 1___ 14___ 20___ 4___ 9___ 5___ 1___
1___ 18___ 4___ 5___ 2___ 5___ 8___ 15___
15___ 18___ 20___ 1___ 1___ 14___ 4___ 9___
5___ 8___ 5___ 18___ 5___ 4___ 9___ 5___ 22___
15___ 12___ 8___ 5___ 9___ 4___ 4___ 1___ 1___
18___ 22___ 1___ 14___. **(1 Korintiërs 10:26).**

### Pret Feite

***DIE AARDE***

- *Grond is 29% van die aarde se oppervlak; dis 57.268.900 vierkante myl.*
- *Die aarde wentel om die son teen 66 700 mph.*
- *Die aarde se deursnee is amper 8,000 myl.*



***PAMPOEN:*** *Die aarde is pampoenvormig en word vetter in die middel as berg gletsers smelt.*

## My Gebed

**Dankie, Jesus, dat U my vertrou om U wêreld te versorg en al die dinge daarin. . . ek insluitend! Ek sal my beste doen vir U omdat ek lief is vir U. Amen.**

## Biblioteek

God het hulle geseën deur te sê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde. Onderwerp die aarde en heers oor die visse van die see, die voëls in die lug en oor al die diere op die aarde." **(Genesis 1:28).**

**LETTER KODE SLEUTEL**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1A | 2B | 3C | 4D | 5E | 6F | 7G |
| 8H | 9I | 10J | 11K | 12L | 13M | 14N |
| 15O | 16P | 17Q | 18R | 19S | 20T | 21U |
| 22V | 23W | 24X | 25Y | 26Z | | |

## My Vriend Ellen Skryf

***"Diegene wat die Here rentmeesters gemaak het van Sy middele, moet getrou wees aan hulle vertroue, want God hou hulle verantwoordelik" (Letter 36, 1897).***

Die woord middele, is dieselfde as dinge of besittings. God wil hê ons moet getrou wees en sorg vir sy goed!

muntstuk vir jou gedagtes

**Wat is van die maniere wat jy kan gebruik om te sorg vir God se "goed"?**